

14 Augustus

1 Kronieke 16:11-36

Loof die Here vir sy verlossingsdade

Die dag toe die ark na Jerusalem gebring is, het Dawid vir die volk deur middel van 'n priesterlike koor 'n loflied geleer. Hierdie loflied besing die grootheid van God, veral soos dit tot vergestaltung kom in sy dade. God se verbondstrou word besing soos dit sigbaar word in sy dade van verlossing en beskerming.

Die ark, wat die sigbare simbool was van die verbondsverhouding tussen God en Israel en van sy verbondsteenwoordigheid by sy volk, het verlore gegaan. Wat daarvan geword het, weet niemand nie. Ons het egter nie meer 'n ark nodig nie. Christus het in die nuwe bedeling die sigbare vergestaltung van God se verbondstrou en liefde geword. In Hom het God ons verlos en die verbondsverhouding herstel. Hoe kan ons anders as om ook in uitbundige feesvreugde te sing oor die groot dade van God, soos vergestalt in sy liefde en trou in sy verlossing deur Jesus Christus?

Vul dit u met vreugde? Is u vol lof? Sê u ook hierop: "Amen! Prys die Here!" (vgl 1 Kron 16:36)?

Sing: Psalm 105:1,3

Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)